

Waar kom die dromme vandaan?

John McKenna, wie die dromme-projek organiseer het, het verskeie amateur - en professionele kunstenaars gevra om versiering te doen op dromme wat vir die 250e herdenking van die sogenaamde ontstaan van Prins Albert op verskeie plekke in die hoofstraat van die dorp geplaas kon word.

Ek is passievol oor die konsep van straatkuns, Malraux se “museum sonder mure”] Die dromme is een aspek, die Villa Kruger tuin met sy beeldhouwerke wat vanaf die sypaadjie sigbaar is.

John het my genader en gesê ek kan enige van “belangrike” plekke - NG Kerk, Poskantoor, Toerismeburo in die Bo-dorp kies. Ek het gevra of daar enige plekke in Noord End, die bruin woongebied, oorgemerkt is. Nee, daar was nie. Die volgende dag kom hy oor om te sê ons enige plek in N End kon kies.

Die oorgrote meerderheid deelnemers het die Victoriaanse geskiedenis as tema vir hulle dromme gekies.

Ek wou die geskiedenis en mitologie van NE se mense verken. Een drom vertoon 'n lys van verskeie gedeeltes van NE met pertinente datums - die gedwonge verskuiwings in 1955 onder die Groepsgebied-wet.

'n Ander drom gaan oor herwinning (recycling) en is versier met bottels se proppe en ander artikels wat bekend is aan [die nageslag] KhoiSan: blikkies kos, soos perskes in stroop, wyn- en bierbottels, tuisgemaakte brouesels(hooch), blikkieskos, die ou Suid-Afrikaanse vlag, kondome.

Die wit en swart - my persoonlike handelsmerk-kleure - drom sit na aan my hart: 'n Gedig, van Adam Small ("die bulldozers"), die Oupa van Afrikaans - het ek jare lank gekorrespondeer het. Die Villa Kruger drom-projek is aan hom opgedra. Aanhangers van rymklets is elders aangebring: die New Wave van kreatiwiteit, met sangers soos Blaq Pearl wie pos-Apartheid Suid-Afrika se kunstewêreld sal ontwikkel. Alle kulture, pan-kultureel.

Rossetta Woolf beeld die streek se ouderdom uit (250 miljoen jaar), met afbeeldings van inheemse dier-, plant-, en voëlspecies.

Haar drom verduidelik ook die storie van die Karoo meermin en die uitgesterwe Kaapse leeu.

Die dromme was deur Burgemeester Lottering in en die nuwe Thusong

Gemeenskapsentrum onthul met ' optredes van Digtelike Vryheid - KhoiSan musikante en sangers begelei sal word (Rap vir die jong van gees en vlees, en langarm dansmusiek vir die res.)

Hoe is te werk gegaan om die idees vir die spesifieke dromme te kry?

Wat/wie was die inspirasie?

Nie nederig nie : my idees.

Wie het help skilder? Hoe het die proses verloop?

Isak Williams en Jan van der Merwe wie by Villa Kruger werk, saam met my aan die eerste drie dromme en met Rossetta Woolf aan die die meermin van die Karoo,. Dit was 'n baie opwindende projek, geen argumente of verdeeldheid nie. Ons het soos een mens saamgewerk.

Wie befonds dit? Uit eie sak dalk?

Ja.

Is dit 'n goeie skoot interne dorpspolitiek wat betrokke is? Ek ken nie lekker jul dinamiek op Prins Albert nie, en kan dus net bespiegel.

Apartheid is in alles behalwe naam springlewendig en hard te werk in Prins Albert. Daar is baie vyandigheid na my gerig van sekere mense (maar nie almal nie) wat infrastrukture in die Bo-dorp beheer. Plakkate vir die Kuns na Donker toere afgeruk, iemand het

Satanisme oor een geskryf, beledigings is na ons geslinger. Ons hond vergiftig. Kritiek en boikotte deur gastehuis-eienaars vervreem moontlike toergangers . Die ironie is dat nie een van die mense nie die Kuns na Donker toer bygewoon het nie. Dit het my kop opgefok. 'n skisofreniese toestand. Erens anders, in die land + buiteland, geloftes, respek. My vriende van die buitekant het gesê dit is vrees + ek dink nou ook so: die modus operandi van baie wit Suid-Afrikaners. Vrees vreet die siel. Kreatiwiteit, ewolusie, en vryheid word ingeperk deur hierdie lewenswyse: "wat sal mense sê ?"

Ras is nog 'n kwessie wat op die Villa Kruger dromme uitgebeeld word. Die ongelykhede, haglike toestande waarin baie werkers werk. Meeste witmense wil dat die status quo bly soos dit is.

Is die projek nou, met die opening, vir jou tot 'n einde?

Ja.. Tans werk ek met die digter Johan van Wyk aan my biografie. Ek werk ook met die konsep van interaktiewe wewenaars - om die toere en ander kunswerke via die web aan 'n groter gehoor te vertoon. Ek het geen twyfel dat die dromme by die ingang na NE 'n toeriste aantreklikheid kan word nie. My oorspronklike idee was dat dit verder sou ontwikkel om daardie deel van die dorp te omskep in kuns- en vlooiemarke, teekamers en gastehuse.

|

En dink jy dit gaan help om dorp gevoelens te verbeter?

Of vererger? Ek weet nie.

Ek het al my verbintenis met die Bo-dorp se infrastrukture verbreek.

ek wil nie meer 'n slagoffer van hulle opinies + sondes wees nie.